# Noak's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
| Type: End of Year Exam | Moderator: Teles, K |
| Date: 20 November 2020 | Grade: 7 |
| Marks: 100 Marks | Time: 1 hour 50 minutes |

Naam:

## Afdeling E: Luister en Praat

## Ek het 'n huisie by die See

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Oog kontak | 2 | |
| Hoorbaarheid | 3 | |
| Intonasie | 3 | |
| Ligaamstaal | 2 | |
| Tempo | 5 | |
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Totaal | 20 | |

# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
| Type: End of Year Exam | Moderator: Teles, K |
| Date: 20 November 2020 | Grade: 7 |
| Marks: 20 Marks | Time: Unallocated |

Naam:

---

## Ek het 'n huisie by die see

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
en hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

*H.A. Fagan*

# Noak's Ark Independent Primary School

| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
|---|---|
| Type: End of Year Exam | Moderator: Teles, K |
| Date: 24 November 2020 | Grade: 7 |
| Marks: 100 Marks | Time: 1 hour 50 minutes |

Name:

**Instruksies:**
Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.
Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.
Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.
Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A- Begripslees

Lees die drie koerantartikle aandigtig deur en beantwoord die volgende vrae:

### Goud in die Samba (343)

Wat is die drie gewildste sportsoorte in Suid Afrika? Sokker, dan boks. En derde...? Rugby? Krieket? Nee, dis mededingende dans.
Dans kan binnekort, dalk so gou as 2020, as Olimpiese sport erken word. Jaarliks neem 794 danspare deel aan die nasionale kampioenskap. Kleintjies so jonk as vyfjaar neem deel met elke haar op sy plek en uitgevat in satyn en valle.

Dis ook die verhaal van die 22-jarige Keoikantse Motsepe van Mabopane, Pretoria. Keo, soos sy vriende hom noem, is die eerste en enigste Suid-Afrikaanse lid van Burn the Floor-Ballroom reinvented, die reisende Broadway-produksie wat ballroom en Latyn-Amerikaanse dans die afgelope 15 jaar handomkeer verander het. Dit was weg hol sukses, en het gelei tot televisiereekse soos Strictly Come Dancing, So You Think You Can Dance, Dancing With The Stars en Superstars. Burn The Floor is sederdien in 160 stede in 30 lande uitgevoer.
Keo het op vyf eers sokker gespeel, maar het saam met sy beste maatjie, David Molepo, ingeloer by Dance Life, die plaaslike

dansvereniging. Keo vertel: "My eerste reaksie: 'O nee! Nie vir my nie!Hierdie ouens se broekies sit te styf!"
Maar Keo het daar met danslesse begin en toe hy sewe was besluit dit is wat hy vir 'n lewe wil doen. "My ma was bly, want die vuil sokkerklere wats iets van die verlede, maar my pa was bietjie spyt sy enige seun is verlore vir sokker. "Ek het van toe af elke dag van my lewe voluit gedans," sê Ko, sedert 2004 Gauteng sowel as Suid-Afrika se onoorwonne Latyns-Amerikaanse kampioen. Verlede jaar het sy dansafrigter hom na 'n vertoning van Burn  the Floor "gesleep". Dit het hom oorweldig. Hy het 'n oudisie gedans en is sedert Januarie vanjaar deel van die geselskap In Florida, America.
"Dis 'n uitdaging. Ek moet sterk wees om meisies op te tel en rond te gooi. Hiervoor gim ek amper elke dag met gewigte en doen ek "push-ups en sit-ups," se Keo. Miskien, wie weet, wen hy nog 'n goue medalje vir Suid-Afrika by die Olimpise Spele van 2020…

Rachelle Greef

Bron: Aangepas en verkort uit: Die burger, 18 Augustus 2012. "Goud in samba" deur Rachelle Greef(Aangepas vir Graad 7- leerders.)

**Kennisvrae**

1. Noem die drie geweldste sportsoorte in Suid-Afrika? (3)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Hoe oud is die joungste deelneemers aan die nasionale kampioenskappe? (2)

   ______________________________________________

**Begripsvrae**

3. Hoe oud was Keo Motsepe toe hy besluit het dat hy vir altyd wil dans? (2)

   ______________________________________________

4. In watter soort dans is Keo die Suid-Afrikaanse kampioen? (2)

________________________________________________

**Toepassingsvrae**

5. Hoe het Keo se pa gevoel oor die danslesse wat hy geneem het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

________________________________________________

________________________________________________

6. Wat word bedoel met die woord "handomkeer"? (2)

________________________________________________

7. Wou Keo graag na die Burn the Floor-vertoning gaan kyk het? Hoe weet jy dit? (4)

________________________________________________

________________________________________________

**Sintesevraag**

8. Die koerantartikel bevat heelwat inligting oor Keo. Beskryf sy karakter met behulp van hierdie inligting. (4)

________________________________________________

________________________________________________

**Evalueringsvraag**

9. Hoe weet jy dat Burn the Floor 'n groot invloed op dans oor die hele wereld gehadhet? (3)

________________________________________________

________________________________________________

_____ / 25 Punte (Afdeling A)

## Afdeling B: Taal in Konteks

Woordvlakwerk

1. Lees weer dierdie paragraafuit die koerantartikel en vind 'n voorbeeld van elk van die volgende:
   Maar Keo het daar met danslesse begin en toe hy sewe was besluit dit is wat hy vir n lewe wil doen maar my pa was bietjie spyt sy enigste seun is verlore vir sokker. (10)
   1.1 Telwoord ____________________________________________
   1.2 Byvoeglike naamwoord __________________________________
   1.3 Werkwoord ___________________________________________
   1.4 Bywoord _____________________________________________
   1.5 Eienaam ____________________________________________
   1.6 Soortnaam ___________________________________________
   1.7 Onbepaalde voornaamwoord _____________________________
   1.8 Besitlike voornaamwoord _________________________________
   1.9 Persoonlike voornaamwoord ______________________________
   1.10 Voegwoord ___________________________________________
2. Lees weer die sin:
   Keo het op vyfeers sokker gespeel, maar het saam met sy beste maatjie, David Molepo, ingeloer by Dance Life, die plaaslike dansvereniging. (3)
   2.1 Skryftwee voorsetsels in die sin neer.
   ______________________________________________________
   2.2 Skryfdie bepaalde lidwoord in die sin neer.
   ______________________________________________________
   2.3 Skryfdie voegwoord in die sin neer.
   ______________________________________________________

**Sinsvlakwerk**

3. Skryfdie sinne in die ontkennende vorm: (2)
   3.1 Keo het daar met danslesse begin.
   ______________________________________________________
   3.2 Hy kan baie goed dans.
   ______________________________________________________

4. Lees die volgende sinne en identifiseer die volgende:

4.1 'n stelsin; 'n saamgestelde sin (1)

Dis 'n uitdaging. Ek moet sterk wees om meisies op te tele n rond te gooi.

___________________________________________________

4.2 Lees die volgende sinne en identifiseer die verskillende bywoordelike bysinne van rede, tyd en plek wat vet gedruk is: (1)

Keo het op vyf eers sokker gespeel, maar het saam met sy beste maatjies, David Molepo, ingeloer by **Dance Life**, die plaaslike dansvereniging. Hy het 'n oudisie gedans en is sedert Januarie vanjaar deel van die geselskap in Florida, Amerika.

___________________________________________________

5. Trappe van vergelyking:

Sy sokkerklere was vuil, maar Keo se klere was … en sy vriend se klere was die… (1)

___________________________________________________

**Betekenisleer en woordeskat- uitbreiding**

6. Vind sinonieme vir die volgende woorde in die koerantartikle: vining, aangetrek (1)

___________________________________________________

7. Gebruik die woorde "geselskap" in twee sinne sodat die verskil in betekenis duidelik is. (1)

___________________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C: Letterkunde

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae:

e-sonnet

met skuifspeld ponser en kram
kon ek tevore – soos dit hoort –
op papier netjies elke woord
orden volgens plan

nou wag iewers in die ruimte
my posbus
gebot & gekom
slaggereed op besoekers van buite

langsmerhand vind ek egter
die e-verhouding al hegter
dat ek met elke klink
en dubbleklink
my lewe al meer
na die eenoog- despoot se buie skik

Susan Smit

Bron: Poesienet, Nommer 7, September 1999 soos opgeneem in Versreise, vermaak, Aninda; De Wet, K; Oliver, en Viljoen, H (Samestellers).Nasou Via Afrika. 2003

1. Hoeveel strofes het die gedig? (1)

___________________________________________________

2. Watter woord rym met die woord "egter" in die laaste strofe? (1)

___________________________________________________

3. Wat het die digter eers gebruik, volgens die eerste strofe, om woorde te organiseer? (1)

_______________________________________________________________

4. Waarom word die aandagstreep in die tweede reel gebruik.

_______________________________________________________________

5. Skryf voorbeelde van alliterasie in die rekenaar gewoond. (2)

_______________________________________________________________

6. Waar of vals: die digter raak stadig aan die rekenaar gewoond. (2)

_______________________________________________________________

7. Wie dink jy is "die besoekers van buite"? (2)

_______________________________________________________________

8. Wat is die tema van die gedig? (2)

_______________________________________________________________

9. Lees weer die laaste strofe. Hoe dink jy voel die digter oor 'n rekenaar? (2)

_______________________________________________________________

10. Het jy van die gedig gehou? Motiveer jou antwoord. (2)

_______________________________________________________________

_____ / 15 Punte (Afdeling C)

## Afdeling D: Vraestel 3

1. Kies een van die volgende onderwerpe: "'n groot sportbyeenkoms" of "Ons familiebyeenkoms".
   Skryf 'n beskrywende opstel van 130 tot 180 woorde (drie tot vyf paragrawe) oor die onderwerp wat jy gekies het.
   Maak gebruik van die stappe van die skryfproses: Beplan jou beskrywende opstel en maak seker dat jy by die onderwerp hou wanneer jy die eerste konsep skryf. Hersien en redigeer jou eerste konsept. Proflees daarna jou beskrywende opstel en bied die finale weergawe netjies en leesbaar aan.
   Gebruik die kontrolelys om seker to maak dat jou beskrywende opstel aan die vereistes voldoen: (25)

| Ek het: | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Beskrywing gebruik om atmosfeer en stemming te skep. | | |
| Iemand of iets beskryf sodat die leser dit intense ervaar. | | |
| 'n Prentjie met woorde geskep. | | |
| Woorde en uitdrukkings versigtig gekies, sodat dit die gewesende uitwerking kan he. | | |
| Beeld van sig, klank, gehoor en aanraking gebruik. | | |
| Beeldspraak en stylfigure gebruik. | | |

2. Beplan en skryf aanwysings vanaf die school na die sportbyeenkoms of die familebyeenkoms waaroor jy in jou beskrywende opstel geskryf het.
Die teks van die aanwysings moet van 70 tot 80 woorde lank wees. Fokus op die skryfproses wat jy reeds ken tydens die beplanning, skryf van 'n konsep, hersiening , redigering en proeflees van die aanwysings voor jy dit aanbied in die klas.

Die kontrolelys sal help om seker te maak dat jou aanwysings aan die vereistes voldoen:

| Ek het: | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Bondi gen duidelik geskryf. | | |
| Aanwysings in chronologiese volgorde geskryf. | | |
| Verwys na 'n specifieke rigting. | | |
| 'n benaderde afstand aangedui. | | |
| Die benaderde aantal atrate gegee wat oorgesteek moet word om by die bestemming te kom. | | |
| Inligting oor bakens langs die pad gegee. | | |
| Woorde wat posisie aandui gebruik. | | |
| Woorde wat rigting aandui gebruik. | | |

(/5)

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_____ / 15 Punte (Afdeling D)